




O.B.-Leier Weier Sy Plaas Vir Britse Koning

Na die teleurstellende verskynsel dat nasionale politici en koerante hulle deur die koningstroom laat meesleur het, ondanks die rondborstige erkenning van Britse kant dat die besoek van die koning moet dien as versterking vir die Empire-bande, kan ons ons lesers die volgende verkwikkende stukkie nuus meedeel:

'n Hoë O.B.-offisier in die nabyheid van een van die platelandse dorpe, wat 'n besonder

mooi plaas bewoon, is deur die reëlingskomitee van die koning genader om sy plaas ter be-

skikking van hul Majesteite te stel vir 'n piekniek saam met die genooies.

Die O.B.-offisier, wat andersins bekend is vir sy buitengewone gasvryheid, het beleefd dog beslis vir die eer bedank.

Hy is later weer deur die komitee genader met die versoek of hy nie sy plaas aan die Koning sal afstaan indien daar net 'n klein groepie genooies sal wees nie. Weereens het die O.B.-offisier geantwoord dat hy geen die minste belangstelling in die koning se besoek het nie, en dat sy plaas nie beskikbaar sal wees nie.

Hierdie optrede van 'n O.B.-leier steek skerp af by die pappenhouding van nasionale politici wat saam met die Engelse propaganda hosanna skreeu en saam met die koning gaan eet van die uitgesoekte hamels uit Malmesbury waarvan Die Burger verlede week 'n foto geplaas het.

Republikeinse Afrikaner En Die Koningsbesoek

DEUR DIE 'LOJALES' WORD NOU VAN ALLE KANTE AANSTALTES GEMAAK OM DIE KONING VAN ENGELAND TE VERWELKOM. OOK DIÉ WAT NA DIE FUNKSIES NIE GENOOI IS NIE KAN DAREM SAAMSKREEU MET DIE SKARE VAN ALLE KLEURE EN GEURE WAT OM DIE FUNKSIES MAG RONDDROM EN DIE HEERLIKHEID AANSKOU WAT DIE UITGENOOIDE GASTE TEBEURTVAL.

Onder hierdie uitgenooies is die Ministers en amptenare en ander magsvoerders, asmede die parlementslede . . . onverskillig of hulle nou juis behoort aan sy Majesteit se Regering of aan sy Majesteit se Opposisie. Solank hulle net sy Majesteit s'n is.

Ons ou mense het iemand

IN DOOPPOT

Ons neem dus die staatshandelings wat in die naam van die Britse koning plaasgevind het en wat sy gesindheid teenoor die republikeinse Afrikaner betuig. Ons wil billik wees en ons wil erken dat hierdie han-

wat die verhouding: Koning-Republikein gekenskets het. En ook die republikeinse sienswyse het vandag die reg om gehoor te word. Veral vandag waar dit „hoflikheidshalwe” in die doofpot geplaas word deur diegene wat voorheen daarmee gepryk het.

Ons neem derhalwe die voorgangers en die huidige vors en dui die verhouding: Koningshuis-Republikein aan.

Georg III was op die troon toe die Kaap geannekseer is en waar met die Boere moeilikheid ondervind is, is die moeilikheid in Georg III se naam opgelos. Onder andere deur die ophang van vyf Boere te Slagtersnek in 1815. Die raad het blykbaar gehelp want niemand het gewaag om weer verset te toon nie tot in die dae van sy opvolger.

WILLEM IV, in wie se tyd die Boere besluit het om maar liever die wildernis en die barbareryk in te trek om alle bande met sy Majesteit Willem IV te verbreek in 1836.

IN HAAR NAAM

Viktoria, Willem IV se opvolgster, het oor die sestig jaar geheers en dit is te verwagte dat daar in haar tyd allerhande verder bewyse van die verhouding: Koningshuis-Republikein sou te vinde wees. In haar tyd is die Kolonie se grens vir handel gesluit sodat die Emigranteboere nie buskruit moes kry om hulself en hul vrou en kinders teen Soeloe en Matabele te weer nie. In haar naam is Natal geannekseer, ook die Vrystaat (die slag van Boomplaas en die daaropvolgende fusillering van Dreyer) en Transvaal. In haar tyd en in haar naam is die bloedprys op die kop van Andries Pretorius gestel en in haar tyd en in haar

SPOORWERKERS SE GEBOU GESLOOP

In Rusland is dit gewoon te om alle bedelaars van die spoorwegstasies te verdryf op dae wanneer buitelandse besoekers hierdie „werkersparadys” deurreis. Ooreenkomstig hierdie praktyk is spoorwegamptenare by die stasietjie Bailey, naby Queenstown, aangesê om al hul hoenderhokke en gebou-tjies wat hulle vir hulself en hul diere opgerig het, te sloop sodat net die spoorweghuise kan oorbly om die oog van hul koning te bekoor.

Met die £170,000 wat vir die koning se spoorwegpaleis betaal is, kon minstens 100 sierlike wonings vir Spoorwegamptenare opgerig gewees het.

Brandwagte, Republikeinse Suid-Afrika sien na u op om republikeinse leiding in hierdie maand van die Britse koning. Daar-die leiding sal u gee op 27 Februarie, op Amajubadag!


meestal na sy afstamming getakseer; hulle wou eers weet wie se kind of kleinkind jy is, voordat hulle 'n mening uitspreek. Tot in die derde en vierde lid dergene. Ook die Engelse verstaan hierdie rede-nering; daarom dat hulle die seun van Krupp von Bohlen voor een of ander oorlogshof wil sleep vir dinge wat sy vader glo sou gedoen of ge-laat het.

Dit kan derhalwe goed wees as ons ook die verhouding van die Engelse koninklike huis teenoor die republikeinse Afrikanerdom in oënskou neem voor en aler ons oor die be-soek besluit. As persoon het ons met die koning niks uit te waai nie. Maar sy hele betekenis en die hele betekenis van sy besoek lê juis in die feit dat hy ons besoek nie as persoon nie dog AS SIMBOOL VAN DIE BRITSE KROON. Laat ons derhalwe die verhouding van die Britse kroon teenoor die republikeinse Afrikaner 'n bietjie nagaan. Liefde moet tog immers op iets berus.

~~~~~

## Spoorweg-Paleis

Die koste van die spesiale spoorwegwaens wat tot beskikking van die koning en sy gesin gestel word, word voorlopig op £171,000 gestel. Die finale syfers is nog nie beskikbaar nie, aldus mnr. F. C. Sturrock, Minister van Spoorweë en Hawens.



~~~~~

AANDAG WOLKWEKERS!

Die **Wol-Groei-ers-Afslers**
BEPERK
PORT ELIZABETH EN
OOS-LONDEN
het besit geneem van 'n Mo-
derne, Goed Ingerigte Wol-
pakhuis in
KAAPSTAD

Wakkere, Persoonlike Verkoopdiens en Persoonlike Belangstelling, wat die snelle vooruitgang van die W.G.A. in Port Elizabeth en Oos-Londen verseker het, sal VANAF 1 FEBRUARIE tot u diens wees op die

KAAPSE WOLMARK

Verseker Puik Pryse en Lonende Diens deur u Skeersel te merk:

WGA
CT

DIREKTEURE

N. C. Havenga (Voorsitter); J. H. Moolman (Onder-voorsitter); A. C. Lombard; S. D. Naudé; T. B. Jordaan; C. J. H. Visser; F. Jooste; L. Miës; B. J. van der Merwe.

Hoofbestuurder: C. C. Kriel.

Bestuurder, Kaapstad: N. J. Vlok.

Skryf nog vandag aan:

POSBUS 1547 — TELEFOON 5-4615

W.G.A. Beperk

Telegramme: „GROWOOL”

Privaat Sylyn 3045

HERMESWEG — PAARDEN-EILAND — KAAPSTAD
„Suid-Afrika se Mees Vooruitstrewende Wolmakelaars”

„Vier Vryheidsdag Soos Nooit Tevore”

Genle. S. de la M. Michau, Vroueleidster van Oos-Kaapland (Gebied B), rig onderstaande oproep in verband met Vryheidsdag:



GENLE. S. DE LA M. MICHAU

Groot, roemryk en lofwaardig is die rol wat die vrou, moeder en dogter nog altyd gespeel het in die geskiedenis van die Afrikanervolk. As die stille en ongesiene werkster het sy gedurig haar invloed laat geld. Nie net het sy altyd self moed gehou nie maar ook nog altyd gedien as besieling vir die man in sy stryd teen die dwingeland en vyand.

As ons so terug kyk op die stryd om vryheid van die Afrikanervolk in die verlede is daar 'n paar kenmerke wat duidelik uitstraal van die Afrikanervrou, -moeder en -dogter, nl.

(1) Haar selflose offervaardigheid. Dit was en is maar altyd nog die vrou wat die grootste spijt moet afbyt in die stryd om die bestaan van die huisgesin en ook van die volk, en in besonder is dit waar in die stryd van die Afrikanervolk. Vanaf die vroegste tye van die eerste vryburgers en pioniers, gedurende die Groot Trek en daarna in die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boere-oorlog, tydens die

rebellie van 1914 en ook weer tussen die jare 1939-46 was dit die geval. Maar gewilliglik en selfloos het sy altyd haar offers in stilte gebring.

(2) Haar wonderlike uithoudingsvermoë. As 'n mens aan alles dink dan kan jy nie verstaan hoe dat sy altyd kon uithou en ook nog moed hou nie. En tog het sy dit gedoen en was sy gewillig om hiewers kaalvoet oor die Drakensberge terug te stap dan om weer onder vreemde juk te staan.

(3) Haar onwrikbare oortuiging en geloofsvertroue. Hierin het die geheim van haar krag geleë. Sy was oortuig van die eie bestaan, roeping en taak van die Afrikanernasie en het vas geglo dat God dit so beskik en gewil het, en daarom was sy dan ook so besiel met die vryheidsideaal en gewillig om haar offers daarvoor te bring.

Hierdie kenmerke is weer so duidelik geopenbaar en uitgeleef in die Volksbeweging in die afgelope ses jaar van stryd. Afrikanervroue, moeders en dogters, omdat ons weet u is uit dieselfde staal getemper as u voorgeslagte en nog met dieselfde ideaal besiel, daarom wil ons u oproep om vanjaar Vryheidsdag te vier soos nog nooit tevore: Eensgesind, besield, oortuig en offervaardig en doelbewus. (Verl. omdat die simbool van Britse Imperialisme, die grootste vyand en dwingeland van die Afrikanervolk, nl. die Koning van Engeland, dan hier in ons land sal vertoef.) Afrikanervrou, vier Vryheidsdag terwille van u voorgeslagte, terwille van u eie vryheidsideaal, terwille van die behoud van u eie siel en die siel van u volk en terwille van ons nageslag.

„Woes geweld mag hoogty hou Kettinge mag ons lede knou, Maar die leuse bly ons trou, Vryheid! Vryheid! Vryheid!”

Plaag Tref Engeland: Miljoene Werkloos

rike produkte ontvang nog elektrisiteit.

Ook huishoudelike verbruikers se krag is afgeskakel. Inmiddels is Engeland deur 'n ongekende koue, wat gepaard gaan met sneeustorms, geteister. Verskeie dorpe is reeds deur die sneeu geïsoleer. Die steenkooltoestand is deur die Britse eerste minister, Attlee, as „gevaarlik kritiek” beskryf. Die toevoer van steenkool word nou in dieselfde lig as 'n groot krygsonderneming gedurende oorlog beskou. Daar is 'n boete van £500 op 'n verbruiker wat krag wederregtelik gebruik. Straatverdonkering het reeds begin.

Talle nywerhede het tot stilstand gekom. Skepe wat steenkoolvoorraad probeer aanbring het, is vertraag weens die geweldige storms. In sekere kringe begin daar paniek heers.

Die nood is ook 'n krisis vir die Arbeidersparty aan bewind, daar Churchill se opposisie volle munt uit die toestand probeer slaan.

Rhodesië Vir Segregasie

Die vraagstuk van naturelle-stemreg in Rhodesië was die afgelope tyd die oorsaak van 'n haakplek tussen die regering van Suid-Rhodesië en die regering van Brittanje.

Sir Godfrey Huggins, eerste minister van Suid-Rhodesië, het gesê dat baie mense in Brittanje reken dat die toekenning van naturelle-stemreg die enigste hoop op uitredding is, maar die regering van Suid-Rhodesië glo dat die verskaffing van gesondheidsdienste en van wonings belangriker is.

Hy het daaraan toegevoeg dat die regering van Suid-Rhodesië nie van plan is om hul land aan die inboorlinge oor te handig nie. Dit is verkeerd om die naturel in te prent dat hy op hierdie stadium van sy ontwikkeling 'n parlementêre stelsel soos die van Westminster kan beheer. Die naturel moet eers leer om sy plaaslike bestuur behoorlik te behartig, het hy gesê.

Hy het verwys na die opleiding van die naturelle as geskoolde arbeiders en verklaar dat hulle altyd onder toesig moet werk omdat hulle onbetroubaar is.

In verband met segregasie het Huggins gesê dat naturelle as besoekers of werknemers in blanke dorpe kan inkom, maar dat die dorpe as die „witman se kraal” beskou sal word.

AFRIKANERKINDERS BLY TUIS

Hoewel die onderwysowerheid opdrag gegee het dat dit vandag vir alle skoolkinders in Kaapstad 'n publieke vakansiedag moet wees sodat hulle in groot getalle na die bepaalde plekke kan opruk om die Britse koning in die verbygaan te sien, sal die kinders wat vandag aan die verering van die Britse koning deelneem, hoofsaaklik uit Engelssprekende kinders bestaan. Na ons verneem het die oorgrote meerderheid van die kinders in die Afrikaanse skole besluit om weg te bly en nie na die Britse koning te gaan kyk nie.

Hierdie voorbeeld wat die jeug van Kaapstad stel, behoort tot 'n groot mate navolging te geniet op die platteland.

HULLE BESLUIT OOR LOT VAN VOLKERE: Volgens 'n opname wat gemaak is van die afgevaardigdes by die V.V.O. het minstens 'n kwart van hierdie maghebbers meer as een vrou of het hulle 'n deel van hul lewe in die tronk deurgebring.

Besonderhede Insake Kroonstad-Kamp

Die offisiere en brandwagte wat die Vroue-laertrek te Kroonstad vanaf 11 tot 18 Maart aanstaande gaan bywoon, sal 'n drukke, dog interessante program van werksaamhede hê. Die Program is so opgestel dat die vroue die meeste nut uit die laertrek kan put. Dit sal besonder leersaam wees daar dit 'n voorligtings- sowel as opleidingslaertrek sal wees.

Die werksaamhede neem die middag van die 11de in aanvang wanneer mev. Prof. L. J. du Plessis onder meer 'n lesing oor en demonstrasie van volkspele sal gee. In die daarop volgende dae sal daar lesings wees oor die maak van 'n pop, 'n lesing deur 'n mediese dokter en 'n vertoning van gesondheidsrolprente.

Wat veral seker byval onder die vroue sal vind, is die demonstrasie oor die maak van toiletseep, 'n produk wat vandag haas onverkrygbaar is.

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, sal op 14 Maart 'n openbare vergadering toespreek in die stadsaal te Kroonstad. Die vroue sal ook deur genl. G. Cronje besoek word en hy sal 'n toespraak lewer oor kommunisme. Ook die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy, en dr. Piel Meyer sal die laer besoek en die vroue toespreek, lg. oor die partystaat teenoor die volkstaat.

Verder sal daar lesings wees oor hoenderboerdery, wenke oor huishouding ens.

MAAK VAN POP

In verband met die maak van 'n pop, skryf genle. C. Meyer, vroueleidster van die Vrystaat, as volg:

Poppe verkoop goed op funksies. Daar sal gedemonstreer word hoe om die vorms vir die kop, arms en bene te maak. Dit sal egter nie moontlik wees vir kampeerdere om ook hulle vorms daar te maak nie, daarom sal vir hierdie geleentheid laparms en bene gebruik word en klaar poppe se koppe as vorms om die koppe in te maak. Na die demonstrasie oor die maak van vorms kan harde arms en bene dan tuis gemaak word. Elkeen in die kamp sal 'n kop maak en aan die lyf heg.

Elke kampeerder bring die volgende:

(1) 'n Popkop om te dien as vorm ('n selluloide kop is goed, of enige ander kop wat die fatsoen aan die binnekant duidelik wys.) Maak die kopnaat los of saag die kop agter die ore deur sodat daar twee stukke is — die gesigpart en die agterkop. Hoe groter die kop is hoe beter.

(2) 'n Lyf van lap met kapok of saagsel gestop om by die kop te pas. Waar die arms en bene moet vaskom moet dik kartonwielletjies met draad dwarsdeur die lyf vasgeheg, aankom.

(3) Arms en bene, ook van lap. Dit kan van gekoopte poppe nagemaak word. Hulle moet bo aan die binnekant openings hê met dun draad of sterk gare omgewerk. Hierdie openings word oor die kartonwielletjies getrek, styf vasgetrek en vasgeheg, sodat die arms en bene kan beweeg. Om die nek moet ook draad geryg word om die kop mee vas te trek.

(4) Klere vir die pop volgens eie keuse.

(5) 1 bottel „vaseline” en 1 bottel „glycerine”.

(6) 1 deegrollertjie of bottel.

(7) 1 skerp mes of lemmetjie.

(8) 1 vyl.

(9) 'n Stukkie sandpapier.

(10) 'n Stukkie winkeltou (ongeveer 1 jaart).

(11) 'n baie fyn verfkwasie.

Van alle kampeerdere sal verwag word om hulle te onderwerp aan die dissipline van die kamp. Bywoning van alle verrigtings is verpligtend.

Aartappeloos Word Verwerk

Met die oog op die moontlikheid van 'n groot surplus in die Unie se aartappeloos sal pogings aangewend word om dit te ontwater en die prys van die aartappels so bestendig te hou. Vier fabriek sal hierdie veldtog onderneem. Boere verwag tans 'n rekord-aartappeloes.

Aartappels word naamlik tot 'n fyn vorm, byna soos Macaroni, ontwater, maar op so'n manier dat die selle nie gebreek word en die stysel nie vrygestel word nie. Dit word gehoop dat die fabriek sowat 90 ton aartappels per dag sal kan ontwater.

VRYHEIDSDAG roep U!!!

KOM OP DONDERDAG, 27 FEBRUARIE 1947, OM 7.50 N.M., NA DIE HOFMEYR-SAAL, GROOTE KERK-GEBOU, KAAPSTAD!

• DAAR sal Vryheidsdag op indrukwekkende wyse deur die Skiereilandse Ossewabrandwag gevier word — met o.a. Blaasorkes, Wag, Boerejeug, die plegtige KANTATE, aangrypend opgestel en voorgedra, en 'n kort toespraak deur die Gebiedsleier, Dr. F. D. du Toit van Zyl.

Alle vriende welkom!

— — — — — ONS EIS 'N REPUBLIEK!! — — — — —



MNR. ATTLEE.

'n Algehele noodtoestand het in Brittanje ontstaan as gevolg van 'n ernstige steenkooltekort. 'n Groot deel van die land se nywerhede het tot stilstand gekom en miljoene arbeiders het werkloos geraak nadat die elektriese krag as gevolg van die gebrek aan steenkool, afgeskakel is. Slegs fabriek wat nodig is vir die vervaardiging van lewensbelang-

Verkies Engelse Stemme Bo Dié Van O.B. ERKENNING VAN MALANBLAD

'n Rondborstige erkenning dat die H.N.P. Engelse stemme bo die republikeinse O.B.-stemme verkies, omdat die Engelse dan „geen” voorwaardes stel nie, is vervat in vet- en kursiefgedrukte paragrawe van die Kruithoring van 12 Februarie.

Die blad is blykbaar so weggevoer deur die stroom koningspropaganda wat die Nasionale pers ewe hard as die Engelse pers besig is om oor die verbysterde koppe van republikeinse Suid-Afrika uit te donder, dat hy in sy nuwe ekstase die mond laat oorloop het waarvan die hart geruime tyd al vol is.

Die blad verklaar op bladsy sewe:

„As ons die steun van die onverbiddelelike O.B.-lede soek deur 'n ooreenkoms SAL DIE ENGELSSPREKENDES, WAT NOU VIR ONS IN HOTTENTOTSHOLLAND EN ZOELOELAND GESTEM HET, NIE WEER VIR ONS STEM NIE.

„Ons het geen keuse nie. Ons aanvaar die stem van hulle (die Engelssprekendes) wat na ons kom sonder om van ons gunsies te vra.

„Wil die O.B. verwag dat die H.N.P. 600 Engelssprekendes moet afstoot, sy beginsels moet prysgee, en beleidloos moet staan op al die brandende vraagstukke, terwille van 69 O.B.-stemme?

„ONS WEIER SO 'N ONBILLIKE EIS!” Aldus die amp telike orgaan van die H.N.P.

Die ironie van die saak is juis dat die H.N.P. besig is om sy republikeinse beginsels prys te gee nie vir O.B.-hulp nie, maar vir Engelse stemme, soos blyk uit die meedoen van Die Burger om koningspropaganda te versprei en protesbriewe

teen koningsverheerliking te weier, en uit die feit dat sy leiers gaan aansit aan die be-laaide tafels van die Britse koning wat hier is om die Britse

konneksie te versterk, onder-wyl Polisie-seuns hul brood in gevaar gestel het deur uit be-ginsel diens vir die koning te weier.

Genl. Smuts Tevere Met „Nasionale Vriende”

Indien enige kritici verwag dat die koning, omdat ons hier 'n groot Republikeinse seksie het, 'n loue ontvangs sal hê of dat daar onaangename voorvalle sal plaasvind, sal hy deeglik teleur-gestel wees”, het veldm. J. C. Smuts aan 'n verteenwoordiger van die Londense Express verklaar. Hy het daaraan toegevoeg: „Ek ken my Nasionale republikeinse vriende, en ek weet dat hulle geesdriftige verwelkomers sal wees”.

Genl. Smuts het hom blykbaar laat mislei deur die loue gees van tweesagtigheid wat die Kaapstadse H.N.P.-orgaan ten opsigte van die ontvangs van die Britse koning openbaar. Dit is duidelik dat hierdie blad bang is — en dit om politieke gewin — om hom as mondstuk van nasionale Suid-Afrika onomwonde teen die besoek van die koning uit te spreek. Die blad weier selfs om briewe van sy eie lesers

waarin hulle beswaar aanteken teen die uitgaves in verband met die koninklike besoek, in sy kolom te plaas. As genl. Smuts deur hierdie houding mislei is en dit vertolk as die gevoel van republikeinse Suid-Afrika, dan kan hy sy uitlating in hersiening neem.

Aan die adres van genl. Smuts: Van die Ossewabrandwag, die Republikeinse besieling van die Afrikanerdom, sal die Britse koning en sy gesin, geen ontvangs geniet nie. Ons weier om hulde te bring aan 'n vreemde vors in wie se naam ons vaderland met kosbare lewensverlies verower is — en verower bly.

Kry Niks Terug Van Uitgevoerde Sement

Die houtposisie in die boubedryf is vandag bevredigend, maar daar is nog 'n groot tekort aan sement, het die Minister van gesondheid, dr. H. Gluckman, in die parlement gesê.

Hy het daaraan toegevoeg dat pogings aangewend is om sement van die buiteland af in te voer, maar dit alleen kon gebeur het indien die Unie steenkool daarvoor lewer. Omdat die Europese steenkool-organisasie nie daartoe wou inwillig nie, het die transaksie in duie gestort. Ons sit dus nog sonder sement.

Waar die regering sedert verlede jaar al beduie dat hy pogings aanwend om sement in te voer en nou moet erken dat hy 'n bloutjie geloop het, pas dit om daaraan te herinner dat min. Harry Lawrence op 30

Januarie 1945 — d.w.s. twee jaar gelede die volgende syfers verstrek het oor die UITVOER van sement uit die Unie:

Gedurende 1943 is daar 128,000 ton sement na die buiteland uitgevoer, en in die eerste DRIE KWARTALE van 1944 het die syfer die vorige jaar reeds byna 30,000 ton oortref. In daardie gedeelte van 'n jaar is 153,000 ton sement UITGEVOER.

Onderwyl hierdie reuse-uitvoer nog aan die gang was, het die regering sy „nasionale behuissingskomitee” in die lewe geroep om die behuissingsvraagstuk op te los wat toe reeds buite perke was.

Nou word sement genoem as die tekort wat in die pad van die oplossing van ons behuissingsvraagstuk staan!

Maj. Caprara Vat Kort Pad Na Russe

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het die afgelope week 'n dubbele flater begaan deur apologie by die konsulgeneraal van die Sowjet aan te teken vir sekere sinne wat ver-vat was in 'n praatjie van mnr. Ward Price oor die radio. Mnr. Price het oor die vryheid van die pers gepraat en gewys op die vyandige houding van sekere Russiese koerante. Die Friends of the Soviet Union het hierteen beswaar aange-teken. Sonder dat hy opdrag van die Eerste Minister of van die Minister van Pos en Tele-grafie gehad het, het maj. Caprara, direkteur van die Uitsaaikorporasie, apologie gaan aanteken — 'n saak vir die Unie-diplomasie. Sy optrede het groot ontevredenheid ook onder die Engelssprekende publiek veroorsaak.

TOENAME IN DRANKMISBRUIK: Die drankmisbruik in die Kaapse Skiereiland het die afgelope jaar met sowat 50 persent toegeneem. Gedurende 1945 was daar 5,978 vervol-gings weens dronkenskap. In 1946 het hierdie syfer gestyg tot 8,942. Streng optrede teen-oor persone wat hulle oorgee aan dronkenskap, word in die vooruitsig gestel.

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTE

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

Spesiale Aanbod in

DAMESHANDSAKKE

Egte leer, met leer uitgevoer.
teen presies die prys wat u.
wil betaal.

KOM SEKER NA

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW

MARKAGENTSAP

VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

OPSIENBARENDE ONTHULLINGS

WAARHEDE WAT SOOS DONDER SLAAN

Lees —

HEAR THE OTHER SIDE

(The Afrikaner Side and the German Side)

deur

JOHAN SCHOEMAN

Prys 2/6 posvry

Hoofstukke in Afrikaans en in Engels:

- HEAR THE OTHER SIDE
- A CHALLENGE: £500
- HOLISTIC HOWLERS: THE DRAMA OF THE (W)HOLES
- A BACKVELD BOER REPLIES TO PRINCESS ELIZABETH
- DIE ENGELSE KONING KOM — WAT GAAN ONS DOEN?
- VERDERE KABELGRAMME AAN SMUTS, E.A.
- DIE MOORD VAN NEURENBERG

BESTEL ONMIDDELLIK. NIE SLEGS EEN EKSEMPLAAR NIE, MAAR SOMAAR 4 OF 8 TEGELYK, VAN PUBLICITÉ

PUBLICITÉ,

Posbus 4892,

JOHANNESBURG.

Stuur my asb. eksemplare „HEAR THE OTHER SIDE” teen 2/6 elk posvry, waarvoor ek insluit.

NAAM

ADRES

WEES BESKERM!
MOTOR-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

DIE O.B., WOENSDAG, 19 FEBRUARIE 1947.

Net Een Opposisie: Republikeinse S.A.

Die parlementêre stelsel is 'n buitestelsel. Dit is 'n oorlog tussen groepe waarby die een wat wen, alles van die teenstander uitkakel en hom absolute meester oor alles maak. Die verloor-party het geen ander deelname aan die bewind nie behalwe insover hy toegelaat (en betaal word) om die oorwinnaarsparty met woordgebaar te strem in die uitoefening van sy taak. Hierdie houding is treffend geskilder deur mnr. Tom Naudé van wie ons 'n toespraak in hierdie uitgawe plaas, waarin hy aantoon hoe daar vooraf bepaal kan word wat die uitslag gaan wees oor enige onderwerp wat in die parlement ter sprake kom.

In ons land is die parlement 'n instrument deur middel waarvan 'n uitlandse seksie met 'n oorsese loyaliteit — d.w.s. met 'n vyfdekolonne-gesindheid — die mag so absoluut in hande kan kry soos ons hierbo aangetoon het. Al wat hom teenhou in die uitoefening van sy mag is die moontlikheid van 'n verkiesing oor vyf jaar — of as dit vir hom gunstiger is, oor drie of twee jaar. Maar wanneer so'n oorwinnaarsparty teenoor hom 'n opposisie het wat weens sy verbrokelede beleid die opposisielkragte so verstrooi dat 'n minister van die kabinet hom aanprys as 'n waardevolle bate vir die regerende party, dan kan so'n party bekostig om met groter absoluutheid en brutaliteit sy eensydige beleid van buitverdeling toe te pas.

ONS LAND DIE BUIT

Ons politieke stryd draai om die behoud van Suid-Afrika — Suid-Afrika eerste of Brittanje eerste, dit is die vraag wat in verkiesings beslis moet word. Suid-Afrika self is dus in die laaste instansie die groot buit wat deur een party van die ander afgevat word. En daarom kan duisende tonne sement vir Britse doeleindes uitgevoer word onderwyl die boubedryf in Suid-Afrika feitlik stilstaan weens 'n tekort aan sement. En daarom kan honderde tonne suiker nog jaarliks teen gesubsidieerde prys na Brittanje uitgevoer word onderwyl rantsoenering van hierdie produk — teen hoër prys — in die binneland voorberei word. Dit geskied alles omdat Suid-Afrika as buit geval het in die skoot van 'n politieke party wat vyfdekolonne speel vir Groot-Brittanje.

En wanneer hierdie party vir die troos van die geteisterde volk darem weer iets, soos sement, uit die buiteland wil invoer, dan stuit hy teen internasionale liggame wat hyself gehelp daarstel het, en wanneer sy land se bevolking deur epidemies bedreig word weens 'n „veertig-persent” tekort aan seep, dan stuit die volk teen internasionale ooreenkomste wat die regering aangegaan het. Die internasionale is vir die regerende party veel belangriker as die nasionale, die eie. Maar wanneer dit gaan om die invoer van Britse sentiment en Britse konings, dan stuit hierdie bewind teen niks — selfs nie eens teen sy betaalde opposisie nie.

PARLEMENT ONS VYAND

Die vyand van die volk van Suid-Afrika is nie hierdie party of daardie party nie — alle partye het al 'n beurt gehad om te regeer en alle partye is daarna weer verwerp — maar die vyand is die Britse parlementêre stelsel wat Suid-Afrika as buit uitloof aan strydvoerende groepe en hom dan laat val in die absolute mag van die oorwinnende party — of dit 'n vyfdekolonne is of nie.

Die Ossewabrandwag se stryd gaan dus in die eerste plaas nie teen hierdie of daardie party nie. Sy stryd gaan teen die Britse stelsel — 'n stelsel wat selfs die „republikeinse” opposisie magteloos openbaar wanneer die Britse koning kom om sy Empire se bande vaster te knoop, want aan daardie vasknoping neem ook sy Majesteit se opposisie deel omdat hulle kragtens konstitusie behoort aan sy Majesteit, al is dit teen hul sin.

Solank daar dus 'n parlement is, solank sal die Ossewabrandwag se taak onvervuld bly. Die koms van die koning het die taak, die ONMIDDELLIKE taak van die Ossewabrandwag weer sterk belig. Ons gaan daardie taak enduit voer sonder om die oor uit te leen aan verkiesingspraatjies en verkiesingsverwyte van hierdie of gene. Suid-Afrika moet verlos word van Britse stelsels, Britse konings en Britse opposisies. Daar kan maar net een opposisie wees, en dit is die republikeinse Afrikanerdom buite en teenoor sy Majesteit se parlement.

Gee Vir U Buurman

Leser! In die partypers van ons sogenoemde republikeinse leiers word geen afkeurende woord gelees oor die aanbidding van die koning nie. Intendeel. Hul blaaië weier selfs briewe van hul eie provinsiale raadslede as daarin teen die koning geskryf word. Verder plaas hul reisprogramme ens. van die koning. Gee daarom hierdie en vorige uitgaves van Die O.B. aan u buurman sodat ons volk kan weet wat sy verhouding tot die Britse koning is en behoort te wees.

L.V. STEL PARTYPOLITIEK AAN KAAK ,Uitweg Moet Gevind Word'

In die debat oor die Indiër-vraagstuk en die optrede van die V.V.O., het mnr. Tom Naudé, H.N.P.-lid vir Pietersburg, na aanleiding van dr. D. F. Malan se mosie in hierdie verband, onomwonde die feit beklemtoon dat die partypolitiek die oorsaak is waarom die kleurvraagstuk nie opgelos kan word nie. Terwyl die parlement daarvoor verskil, dink die volk daarbuite presies eners oor die oplossing van die vraagstuk, het mnr. Naudé gesê, en bygevoeg dat daar 'n uitweg gevind moet word.

Volgens Hansard no. 23, pag. 11577—11582, het mnr. Naudé onder meer verklaar „dat dit betreurenswaardig is dat 'n groot en belangrike saak soos hierdie nou nog hier behandel word as bloot 'n partysaak. Ons kan maar nie van die feit wegkom dat daar groot landsvraagstukke is in verband waarmee ons die party agter die land moet stel nie. Die party is daar om die volksbelang te dien, en die volksbelang is nie daar om ondergeskik aan die partybelang gemaak te word nie. Dit is waarom dit so jammer is dat hierdie groot vraagstuk nou nog behandel word bloot as 'n partysaak. Dit is 'n geleentheid wat ons gehad het, die enigste vir 'n lang tyd om te toon aan die volk daarbuite dat ons so'n groot vraagstuk as 'n volksaak kan behandel en dit nie as 'n partysaak behandel nie.” Die oë van die wêreld is op Suid-Afrika gevestig om te sien hoe hy reageer. Dit is nou die geleentheid om eensgesindheid te hê in die bespreking van hier-

die belangrike saak.

DINK ENERS

„Dit is jammer en ongelukkig dat dit behandel is as 'n partysaak.

„Dit is te meer jammer, want as ons buite hierdie Raad gaan, dan vind ons dat daar by die volk 'n baie groot mate van eensgesindheid is oor hierdie vraagstuk. Die volk voel eners oor hierdie saak, en daar is feitlik geen verdeeldheid oor hierdie groot vraagstuk nie.

„Oor klein puntjies kan ons verskil, maar oor 'n groot vraagstuk soos hierdie is daar eensgesindheid buite die mure van hierdie Raad. As dit die posisie daarbuite is waarom kan dit nie ook hier so wees nie?” het mnr. Naudé gevra.

Spr. het voorts die mosie behandel en na die inhoud daarvan verwys. Na aanleiding van die prosedure wat in die volksraad gevolg word by sodanige

besprekings het mnr. Naudé verklaar:

„Die wêreld daarbuite is nie bekend met die prosedure van ons Volksraad nie, en ons sal sien wat nou gaan gebeur.” Die mosie van die Opposisie sal gestel word . . . nl. dat ons nie sal toelaat dat ondersoek in Suidwes verpligtend gemaak word nie en dat ons nie sal toelaat dat aan ons voorgeskryf word hoe die Indiër-bevolking behandel moet word nie.

FALSE INDRUK

„Dit sal voorgestel word dat al daardie woorde geskrap moet word en ek kan nou al sê dat 46 lede daarvoor sal stem dat dit nie geskrap moet word nie. Hulle sal vir die voorstel van die Leier van die Opposisie stem, terwyl die anderkant van die Huis daarteen sal stem en wat sal die gevolgtrekking wees van die publiek daarbuite? Hulle sal reken dat net die Nasionaliste daardie sienswyse het, en die buitewêreld sal die gevolgtrekking maak dat ons hopeloos verdeeld is oor hierdie saak, terwyl ons weet dat dit nie so is nie.”

Hy het verwys na die feit dat die regeringsmeerderheid die optrede van genl. Smuts sal goedkeur. As dit gegaan het oor die standpunt van die Eerste Minister, sal spr. dit ook goedkeur het en sou hy ook daarvoor gestem het. Hy kan egter nie sy optrede goedkeur nie. „Maar nou gaan ons die posisie kry dat 89 lede, as hulle almal hier is, vir daardie voorstel gaan stem en die gevolg sal wees dat die buitewêreld sal sê dat daar slegs 89 lede is wat gestem het vir die optrede van genl. Smuts by die V.V.O.”

ONGELUKKIGE FEIT

„Ek wil net herhaal,” het mnr. Naudé gesê, „dat ek hoop dat by die bespreking van hierdie groot sake, ons in die toekoms 'n beter weg kan volg. Dit is jammer dat vir een of ander rede die Volksraad so saamgestel is dat maar alle sake feitlik as partysake hier moet behandel word. Ek blaameer nie die een of ander nie. DIT IS ONGELUKKIG SO. Maar ek voel dat ons 'n uitweg moet vind om die groot sake . . . op 'n hoër peil te bring, om bo die gewone partypolitiek te kom.”

Dit is om hierdie rede dat die Ossewabrandwag die partyparlementêre stelsel verwerp en met iets beters wil vervang. Van geslag tot geslag vreet die kanker van partyskappe dieper en dieper in ons volksiel en word die probleme wat blank Suid-Afrika met ondergang bedreig, groter en groter, sonder dat daar iets opbouends verrig word. Omdat ons staat berus op partypolitiek in plaas van volkspolitiek.

'n Held Is Ons Ontval

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, skryf onderstaande in verband met die oorlye van genl. E. A. Conroy op 10 Februarie:

Met die skielike heengaan van generaal Edwin Alfred Conroy is nog 'n heldefiguur uit ons midde verdwyn. Die Ossewabrandwag wil hom beide as Afrikanerheld en as vriend beween.

Een van die onverskrokke Kaapse rebelle van die Driejarige Oorlog het Edwin Conroy op sy doodsvragtende manier die stryd voortgeset en wel op so'n wyse dat hy een van diegene was aan wie die vyand met afsluiting van die stryd geen amnestie wou verleen nie en wat diensgevolg as banneling in die vreemde moes swerf. Sy krygsverrigtinge strek nie net hom maar ook sy volk tot eer en dat die vyand hom vir te gevaarlik aangesien het om weer in die land toe te laat, het slegs die seël op sy betekenis gesit.

As vlugteling en onder 'n ander naam (Marais) het hy jare na die oorlog na sy vaderland teruggekeer en toe die roepstem weer kom, toe die omwentelinge van 1914 weer vir Generaal De Wet en die andere in die veld neem toe was Edwin Conroy een van die hoofaanvoerders in die middel-Vrystaat. Weer sy nek in die strop, weer sy lewe op die spel.

As troue volgeling van Generaal Hertzog het hy in die jongste jare taamlik op die agtergrond in die publieke lewe geraak. By enige van die twee ander seksies kon hy maklik tot groter geldigheid gekom het; maar sy sterkste kenmerk was altyd getrouheid gewees . . . en nie smag na posisie nie.

Tot die einde toe was hy in die tuig en hy het as leier van die Afrikanerparty mnr. Havenga gediën, en deur laasgenoemde die voorbeeld van sy ontslae Generaal Hertzog.

Ons respektvolle simpatie gaan uit na sy weduwee, wat hom deur die gevare heen met dieselfde trou bygestaan het as wat hy aan sy volk gewy het.


'n Dappere hart het gaan staan en 'n held is uit ons midde.

HANS VAN RENSBURG.

Hulde Aan Totius: 70 JAAR OUD

Totius (prof. dr. J. D. du Toit van Potchefstroom) herdenk oormôre sy 70ste geboortedag. Die O.B. wil sy respektvolle hulde bring aan hierdie volks- en kerkman wat by die klim van die jare vir sy volk nooit oud geword het nie, want steeds het hy op die voerpunt gestaan, verheve bo alles wat klein en kleinlik is.

Op 21 Februarie e.k. sal dit 70 jaar wees sedert Jacob Daniël du Toit die eerste lewens-



„'N GAWE VAN GOD"

lig in Dal Josafat (Paarl) aanskou het. 'n Jaar gelede was hy so ernstig siek dat vir sy lewe gevrees is. Met dankbaarheid het ons van sy herstel verneem, en vir almal wat hom ken is dit 'n oorsaak van vreugde dat hy in die mate van gesondheid en kragte sy 70ste verjaardag kan herdenk. Almal wat hom ken, sê ons, en daar- onder word nie alleen sy eie volk ingesluit nie, maar baie ander, selfs buite ons landpale. Want Totius is 'n bekende en 'n beminde figuur oral waar die Dietse stamverband hom uitstrek. Dis dan ook opvallend hoe hoogstaande besoekers aan ons land moeite doen en dit 'n eer beskou om met hom kennis te maak.

AAN SY VOLK

Tog behoort Totius in die eerste plek aan sy volk met wie hy soveel deurgemaak het en wat hy so innig bemin. Wie het die leed en smart van daardie volk suiverder vertolk as hierdie fynbesnaarde digter? Wie het hom sy Godgegewe koers duideliker voorgehou? Tien jaar gelede is aan hom openbare hulde bewys, iets wat hy sekerlik nie verwag of gesoek het nie, maar wat vir hom tog beslis veel beteken het. Hoeveel van ons volksmanne word eers na hul dood geëer, terwyl hulle gedurende 'n leeftyd van toegewyde diens dikwels smaad en laster moes verdra? Sulke manne soos Totius en wyle Vader Kestell staan egter so hoog aangeskrywe dat teenoor hulle alle gevoel van partyskap of van verdeeldheid verdwyn. Hulle hoort vir ons nie aan hierdie of daardie kerk, aan hierdie of daardie groep nie; hulle is regstreekse gawes van God aan die Afrikaanse volk.

Dit is nie nodig om hier 'n opsomming te gee van alles wat Totius vir kerk en volk tot stand gebring het of om oor sy persoon uit te wei nie, dit is alles welbekend. Die vele blyke van besorgdheid en belangstelling tydens sy krankheid was nogmaals 'n bewys van die plek wat hy in die

volkshart verower het. Aan hom, sy eggenote en gesin ons eerbiedige, hartlike gelukwense met hierdie feestelike geleentheid. Mag Totius nog lank gespaar bly en die kragte behou om so geseënd en vrugbaar werksaam te wees in diens van God, Volk en Vaderland.

Regering Weier Sendelinge

Die regering het die aansoek van die Algemene Sendingseksretaris van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Oranje Vrystaat, dat twee Duitse sendelinge hul permanent in die Unie vestig as sendelinge van die kerk, geweier. Hierdie inligting is in die volksraad verstrekk. Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. G. Lawrence, het verklaar dat dit die beleid van die regering is om nie Duitsers permanent in die Unie toe te laat nie.

Die regering van Rhodesië het egter verlof verleen dat hierdie twee sendelinge in Rhodesië arbeid.

Unie Betaal Subsidie Op Uitvoer van Suiker

In die oesjare 1944-1945 het Suid-Afrika 193,692 ton suiker uitgevoer. Die Minister van Ekonomiese ontwikkeling het verder bekendgemaak dat in die jaar 1944-1945 614,813 ton suiker in die Unie geproduseer is. Daarvan is 111,990 ton uitgevoer. Gedurende 1945-1946 het die Unie 553,074 ton suiker opgelewer; 71,585 ton hiervan is uitgevoer. (Dit sluit nie in die private uitvoer van individue na Engeland nie.)

Die suiker wat aan die buiteland — hoofsaaklik Engeland

— verkoop is, is teen veel laer pryse verkoop as wat die binnelandse verbruiker daarvoor moes betaal. Die gemiddelde pryse van uitvoersuiker in die buiteland was £12, £14 en £17 per ton vir die onderskeie jare, terwyl tweede- en derde-klas suiker in Suid-Afrika vir £14 per ton en geraffineerde suiker teen £22 per ton verkoop is. Die suiker-uitvoer van die Unie het dus op 'n gesubsidieerde basis plaasgevind onderwyl daar 'n pynlike tekort in Suid-Afrika self is.

Gebied B Sal Dink Aan Koning Rondom Vryheidsvure

Generaal P. J. L. Botha, Gebiedsleier van Oos-Kaapland (B), doen onderstaande oproep in verband met Vryheidsdag:

Offisiere en Brandwagte:

U is bekend met die Britse opvatting van 'n oorwinning vanaf Slagtersnek tot Neurenberg. Dit leer ons mos in hul geskiedenisboeke onder die opskrif van „British Fairplay".


Dees dae is daar ook geleentheid vir Suid-Afrikaners om na die koning van Engeland, die simbool van hul opperheerskappy, in wie se naam al hul wetlike dade geskied, in lewendelyste te gaan kyk.

Vir diegene wat graag van „Home" en „King" praat, sal dit sekerlik 'n vleeiende voorreg wees om dan tenminste maar die „King" te sien al het en sal hulle dan nou nooit die „Home" self sien nie.

Vir die parlement te Kaapstad sal dit ook geskiedenis wees om deur Sy Majesteit self geopen te word. Veral vir die Smuts-regering en Sy Majesteit se Opposisie sal die koning se besoek veel stof gee om oor te „stry en te ly" in belang van die Unie van Suid-Afrika, en dan later moontlik nog 'n elek- sie te wen vir die een of ander party. — Die hoofsaak by enige en alle politieke partye.

Die vraag is nou of die Ossewabrandwag nie ook die enige voordeel uit die Koningsbesoek te hale het nie. Vir sover dit Gebied B betref, sê ek ja, beslis en seker, want ons gaan in massa-getalle saamtrek op 27 Februarie om die Vryheidsvure, simbool van die Vryheidsgesins in ons harte, aan te steek.

Sodoende gaan ons op afdoende wyse aan die koning van Engeland, die bevolking van Suid-Afrika en die res van die wêreld toon dat hoofsaak by die Ossewabrandwag is om die Vryheid van ons geliefde



GENL. P. J. L. BOTHA.

Offisiere en brandwagte, laat ons die Britse opvatting van 'n oorwinning nooit uit die oog verloor nie, en laat ons bo alles onthou dat die krag, ywer en middele waarmee ons moet oorwin van ons self moet kom. Die sleutel van die staatskas, waaruit ook luisterryke feeste kan gereël word vir 'n besoekende koning, is nie in ons hande nie.

BRING U OFFERS NA AMAJUBA-FEES, SIMBOOL VAN ONS NASIE SE OORWINNINGS, IN DIE VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS.

DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .

Die kok se kennis bepaal die waarde van U maal . . . 'n Soortgelyke deskundigheid verseker U van die waarde van Kommando-sigarette.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE

OK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.H. 2367

EINDELIK WEER

VERKRYGBAAR!

Ek
Rebelleer
deur

J. A. Smith

7/9 posvry.

Hierdie werk was vir jare uitdruk. Lees hoe Genl. Smith as skoolseun gedurende die Anglo-Boereoorlog gerebelleer het.

OOK PAS WEER VERSKYN!

Kom Ons
Rangskik

Suid-Afrikaanse Blomme

12/6 posvry.

Pro Ecclesia-
Boekhandel

POSBUS 29,
STELLENBOSCH

SE ASB. DAT U DIE
ADVERTENSIE IN
DIE O.B. GESIEN
HET

TOT U DIENS . .

Geldenhuis
Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

G. A. FICHARDT, Bpk

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 — Oppergig 1848

BLOEMFONTEIN

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

PRETORIA-MARK

W. & P.
P.R.R.

Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter en Lewende Hawe na ons.

(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)

Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.

WEBB EN
PRETORIUS

Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwenssing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasing (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBOORTE

COETZEE. — Aan Rudolph en Anna (geb. Geldenhuys) van Parow, 'n gesonde dogter. Moeder ook wel.

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAP-
PY BEPERK, Voortrekkerweg, Bell-
ville, bied sy bekwaam dienste aan
wanneer u eiendomme wil koop of ver-
koop, met geldbeleggings, verbaade
ens. Doen aansoek by POSBUS 48,
Foon 9-7222. 27/11/Tk

BOME, PLANTE EN SAAD

AAKTAPPELMOERE. — Uitgeloopte
Arran-Chief en Up-to-Date, gekweek
van gesertifiseerde A-moere, tweede
plant na ingevoerde, 1½—3 onse, 30/-
per sak, gelewer Oudeniqua-sylyn. Onder
1½ onse, net Up-to-Date teen 25/- per
sak. K.M.B. Koper moet sake voor-
sien. — F. H. ROBERTSON, Klein-
fontein, Pos Sinksbrug, George.
12/2/2B

AAKTAPPELMOERE. — Baie goeie
Arran Chief-moere om dadelik te plant,
teen 30/- vir 153 lb. Gelewer George-
stasie. — J. A. MEYER, Blanco.
19/2/4B

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:
Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wor-
telsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance
Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-;
Blauwlaai 17/6. Uie: Australiese Bruin
6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6;
Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-.
Van Zyl Bone 115/- per 200 pond.
Volledige pryslys verkrygbaar van
PREMIERS, Schoemanshoek, Oudts-
hoorn. 11/12/Tk

BONE. — Vars suikerbone (lappies)
teen 7/-10-0 per sak of 7/-5-0 per sak
vir 10 tot 40 sak (183 lb.). Gelewer
te Carstenschof-halte. K.M.B. — J. P.
SMIT, Klawerveld, P.K. Citrusdal.
12/2/3B

HERHOLDT se Jubileum-Perske
steeds die Kersfees-gunsteling. Boland,
die half Desember hooggekleurde
swaardraende markvrug. Albei 3/6 en
4/6 elk. Vroeg tot laat soorte Perskes,
Pruike en Appels. Groot tekort aan
Vrugtebome en Rose. Besprek nou en
voorkom teleurstelling. Pryslys gratis.
— HERHOLDT SE BOOMKWEKE-
RYE, Posbus 660, Johannesburg. B/5/2

LUSERNSAAD — Vars ge-oes,
eersteklas gehalte, vry van dodder.
Huntersrivier op tot 100 lb., 1/6 per
lb., £12-10-0 per 200 lb. Provence,
1/4 per lb., £11-15-0 per 200 lb.
Saadaartappels. — Skotse ingevoerde
„Up-to-date”-saadaartappels, 4/6 per
110 lb. kisse. Kontant met bestelling,
spoorvrag te betaal. Alle soort groente
en blomsade van beste gehalte.
— HEROLDT SE SAADADELING, Pos-
bus 660, Johannesburg. 19/2/3

VARS GESERTIFISEERDE GROEN-
TESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en
1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom
Watson- en Wonder-Waaiemoen 4/-,
6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Mar-
globe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin
Uie, 6/-. Vroeg Kaapse Plat Uie, 7/6.
Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet,
teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6
per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys
van: KAROO-SAADAVERSPREIDERS,
Posbus 107, Oudtsboera.

BENODIG

MERINO- EN PERSIESKAPE, asook
Boerbokke, geskik vir slagter en aan-
teel. — Doen aansoek: A. J. H.
JACOBS, Karroo-woonstelsel, Graaff-
Reinet. Foon 341. 19/2/3B

BENODIG. — MOTORVOERTUIG-
WEEKTIJGKUNDE. Salaris £7-12-0
per week. Begin 1 Maart 1947. — Ver-
dere besonderhede by en applikasies
aan: VREDEFORT MOTORS, Posbus
37, Vredefort. 19/2/1

GEKVALIFISEERDE Messelaars en
Skrynwerkers benodig vir kontrakte.
Strand, Stellenbosch en Somerset-Wes.
Hoër loon as loonskaalartiere vir die
regte manne. Doen aansoek: F. A.
FINLAY, Boukontrakteur, Herschell-
straat, Strand. 19/2/2

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektri-
sisteits- en werktuigkundige ingenieurs,
Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk
aan alle elektriese huishoudingsge-
reedskappe; elektriese herstelwerk
aan motors, draai-pas-, swels- en her-
stelwerk aan alle plaas- en ander ge-
reedskappe. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en
die oprigting en instandhouding van
fabrieks- en ander masjinerie word on-
derneem deur GELDENHUIS SE IN-
GENIEURSWERKE, Wynestraat 13,
Parow. Diens gegrond op 30 jaar prak-
tiese ondervinding. — Elenaar: D. J.
Geldenhuys. Foon 989139.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u
mede-Afrikaner en wees verseker van
die beste dienste by VOORTREKKER
SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291,
KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/28

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. —
Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke,
Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloer-
teels, Voertroe. Enigste in beton. —
Direkteur: P. W. en P. G. VAN
HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRE-
TORIA.

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome
gesondheid. Duitse klierstowwe maak
vertraagde klierse werksaam en verwy-
der oorsaak en siekte. — Besonderhede:
AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie,
Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is
daar so oortuig van dat ons 'n egte
Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Ru-
matiek, Lendepyn, Heupjig en verwante
kwale ontdek het, dat ons 'n gratis
proefmonster aan enige lyer sal stuur.
— Stuur 1/- vir posgeld ens., aan:
ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Pos-
bus 775, Pretoria.

ELY JONK. — GRYSHAARWONDER.
Die nuutste wêreldwonder teen grys-
heid waarborg herstel van gryshare vir
goed tot natuurlike kleur. 5/- per bot-
tel posvry. Geld met bestelling.
— SKRYF: BOEREGENEESMIDDELS, Pos-
bus 4272, Johannesburg.

HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek
ELS'S HAARKAPPER SALON, Kemp-
stonweg 223, Berry's Hoek, Port Eliza-
beth; sowel as vir al u weelde-artikels,
eetgereedskap, juweliersware ens.
27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan
Horlosies. Alle werk word gewaarborg
en spoedige aflewering. — P. PRETO-
RIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad.
(Voorheen Kerkstraat 60). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek
STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private
adres en voorlopige werkwinkel: Jou-
bertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar
J. W. Brummer) Foon 114). Kom ge-
niet 'n heerlike vakansie in 'n rustige
landelike omgewing. Uitstekende dien-
ste, etes en slaapplek. Steeds tot u
diens! 4878/52

KLEREMAKERS

SWART, voorlopig hoek van Merri-
man en Cookstrate, VASCO. Die Klere-
maker met 'n reputasie. Hou dop vir
sy nuwe adres.

Vir 'n goeie pak klere of kostuum
kom na 'n eersteklas snyer F. C.
HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW.
5605/52

PLUIMVEE

JOHS. J. COETZER, Die Wolwas,
Winburg, O.V.S., neem bestellings vir
kuikens vir April tot Oktober 1947 af-
lewering. R.I. Reds, Swart Austral-
lorpels, en Wit Leghorns. Kuikens groot
en sterk, uitgebroei met Petersmele Elek-
triese Broeimasjiene. Gewaarborg vry
van B.W.D. en Hoedertifus. Prys
£5-17-6 per 100. 18/12/Febr.

TE KOOP AANGEBIED

HOUT. — Eersteklas gesaagde denne-
hout vir bouery. Doen aansoek: J. A.
MEYER, Blanco. 19/2/4B

SOUT. — Vriende, ek vra u vriende-
like ondersteuning deur van my sout
te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2,
49/- per ton, vry gelaaie soutwerke.
Adres: MEV. MARTIE VENTER, Pos-
sak No. 4, Arbeidsloot, Bloemfontein.
6/11/Tk

SOUT. — Aandag Boere!! Ek vra u
vriendelike ondersteuning. A1 £2-19-0;
No. 1 £2-14-0; Veesout No. 2 £2-9-0
per ton. As dit moontlik is, stuur leë
sakke terug. 1/- afslag per sak. —
MEV. F. DE BEER, Pk. Florisbad.
5/2/8B

STEENMAAKMASJINE. — „Die
Kleine Wonder”, vervaardig op tot
4000 Sementstene (3 x 4½ x 9) per
dag. Prys: K.M.B. £20. — Doen aan-
soek by u naaste Handelaar of skryf
direk aan: PETER BRICK AND
BLOCK MACHINES, Bus 18, Hope-
field. Handelsnavrae word verwelkom.
5/2/3

Een eersteklas tentkar met goeie
tuie, £55; Een „Canadian Wonder”
drieskaap-ploeg, £15; Een Skotskar in
goeie kondisie, £15; Een roomskel-
er — bak kan 2 gellings neem, £7; Een
vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrika-
kop-stasie of verkrygbaar en op sig by
R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

U ondersteuning Brandwagte!! Sout
te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2
49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke.
J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Floris-
bad. 32B

PARLEMENTERE VERVAL AGTER DIE GORDYNE Kweking van Klub-Atmosfeer

Diegene wat so 'n geloof en belangstelling in parlementêre bedry-
wigheid het, sal 'n harde skok opdoen as hulle die geleentheid mag hê om
so 'n slaggie agter die skerm van die parlement in te loer. Die beeld
van gewigtige besprekings, besluite, ywer en nagsittings in die stryd
om „volkswelvaart” wat die partyperse hul lesers voorskilder, sal soos 'n
miswolkie verdamp.

Vir die besoeker wat enkele
oomblikke die geredekawel van-
af die openbare galery aan-
hoor, is die intellektuele leeg-
heid — en die leë banke —
reeds 'n ontugtering; vir hom
wat agter die skerm kan in-
loer, is dit 'n koue skok, en dit
word dan ook vir hom verklaar-
baar waarom menige vaste ka-
rakter op die ashoop beland het
na 'n lang tydperk van „volks-
diens” in die parlement.

NOODHULPBYDRAE

GEBOED A
Vanaf 26 Okt. 1946 tot 28 Jan. 1947

ASB1 en ASB6, 12s.; Anoniem, £18
18s.; Uitstalling van handewerk, £77
17s. 3d.; Mev. J. S. du Toit, See-
punt, £3; Vriend, Kaapstad, £1 5s.;
A3B6, £6 8s.; Vriendin, Kaapstad, £2;
A10a6, £2 15s.; A10c2, £2 2s. 6d.;
Mnr. Bailot, Adelaide £1 10s.; Voor-
slag (Edms.) Bpk., £1 0s. 6d.; Mev. E.
Strassberger, Wellington, £1; Vriend,
Worcester, £2 10s.; A18a3 en A18a8,
£5 17s. 4d.; A18a1, £3 10s.; A3B7, £7;
A10c3, £4 2s.; A3B2, 17s.; A18, £55
12s. 3d.; A10a7, £7 2s.; A8a1 en A8a6,
£20.; Mev. J. P. de Wit, Ladismith,
£1. Totaal £225-18-10.

KERSFEESFONDS

Mev. E. Strassberger, Wellington,
12s. 6d.; ds. en mev. H. S. Brink,
Sutherland, £2; Vriende, Beaufort-Wes,
£3 5s.; A2B8, £3; mnr. J. J. Piek,
Stellenbosch, £1; Vriend, Kaapstad,
2s.; A3B6, £34-10-6; A2B2, £5; JA18,
£5; A18a6 £3; A10, £74 10s.; A2B4 en
A2B9, £10 16s.; Drie Vriende, Bell-
ville, £7; Generaalskap A2, £15; A3B1
en A3B6, £5; Mev. B. Badenhorst,
Swellendam, 10s.; A3B7, 10s.; A3B2,
£1 10s.; A4d1, £3; A5b1, £3 10s.;
A11b2 en A11b7, £5; A7, £1 1s.; mnr.
B. H. van Coller, £3; mnr. J. H. C. J.
van Rensburg, Beaufort-Wes, £4; mnr.
H. S. Gerber, George, £3-10-6; A15b1,
£22-9-6; A13b2, £5; A13b7, £5; mev.
A. J. Stander, Oudtsboorn, £6-10-6;
A10, £16; A4c10, £2 2s.; A9b1, £11 6s.;
mnr. C. A. Swart, Riviersonderend, £1;
mnr. D. J. Bezuidenhout, Pannuwan,
£10; A8b8 Tulbagh Vroue Kommando,
£17-11-8; A16a8, £14-12-6. Totaal,
£311-19-6.

KAMERADEFONDS

Dr. P. J. Meyer, Johannesburg, £5;
mnr. F. R. de Kock, Wolsley, 17s.;
mnr. W. Myburgh, Vasco, 5s.; mev.
M. E. Jacobs, Uptington, £5; mnr. D.
J. Josling, Uptington, £6; A8a1 en
A8a6, £5 5s.; Vivier Sisters, Beaufort-
Wes, 10s. Totaal £22-17-0.

TE VERRUIL. — Pragtige ruim
woning op die Paarl vir 'n woning op
Stellenbosch. — Doen navraag by
HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorstelling van been-
meel is kort. Alle persone wat toegang
tot bene het, word ernstig versoek om
dit sonder versum aan ons te stuur.
Ons betaal £7 per ton (7/- per 100
pond) vry op spoor u stasie of sylyn.
Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe ge-
pos moet word as bene gestuur word.
Spoedige betaling word verseker. Leë
sakke word VRY teruggestuur. Ons voe-
dingsvoorsiening hang af van die voe-
siening van beenmeel. — S.A. HUNT
BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAAT-
SKAPPY, Warrenton.

GANSVERE. — Goeie droë gansvere
vir kussings ens. Meld prys per pond.
— Mev. J. H. VAN DER BERGH,
Bus 43, Bothaville. 19/2/2B

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde
Radio-Ingenieurs, Stasieweg. PAROW.
verkoop en herstel Radio's en Elektriese
Toestelle. Geragistreeerde Elektrisiteits-
aanmeters. Foon 9-8435

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIER en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Die bediendes in die kantien,
drank- en verversingslokale
voer 'n baie besiger lewe as die
volksvertegenwoordigers — selfs
al word die ydele gedrentel in
die wandelgange tot hul krediet
gereken. Meer dikwels vind
mens hulle in die bogenoemde
plekke op gemakstoele agter 'n
glas skuimende bier of die ge-
sogte skaarsheid whisky. Die-
gene met nog 'n plebejiese
smaak verkies om in die ander
lokaal om 'n teetafel te klets
oor politieke intriges en ver-
kiesingsmoontlikhede.

NA REGS

Wanneer mens die wandel-
gange van die volksraad betree,
word jy meegesleur deur 'n
mensestroom na regs. Binne
enkele oomblikke bevind jy jou
in die lekker plek van die par-
lement waar jy bes moontlik
nog 'n soplek mag ontdek. Dit
is hierdie plek wat die lewe van
die volksvertegenwoordigers ver-
aangenaam en waar bediendes
se bene hulle moet dra om die
geoeffende kele met tee of kof-
fie te bevochtig. 'n Bietjie meer
na regs is die eintlike lekker
plek — die dranklokaal en kan-
tien.

Gedurende die middagure is
die kantien en dranklokaal die
besigste. Die meeste lede wat
hul kele hier kom laaf, verkies
om gebruik te maak van die
private vertrek langsaan waar
hulle ook hul vriende kan ont-
haal. Verder is daar ook 'n
„cocktail”-lokaal wat net deur
lede gebruik mag word. Hier
is 'n spesiale amptenaar en be-
diendes in diens. Die kosbare
vog wat nie so maklik in ge-
wone kantien verkrygbaar is
nie, n.l. whisky, is hier verkryg-
baar.

DRONK IN KOUKUS

Amptenare wat al 'n aantal
jare in die parlement werksaam
is, het die mening uitgespreek
dat die gebruik van drank meer
en meer elke jaar toeneem. Dit
is veral aan die einde van die
sittings wanneer die lede hulle
begin verveel dat hulle hul toe-
vlug tot die kantien neem.

Aanduiding in watter mate
sterk drank deur sekere lede
gebruik word, is die beswaar
wat 'n lid van die volksraad
in sy partykous geopper
het teen 'n medelid wat langs
hom sit en gedurig besope is.
Hy het versoek dat die lid na
'n ander plek verwyder word.
Dit is toe gedoen.

Dit is ook 'n bekende feit dat
enkele lede met inbors hulle in
geslote kring sterk uitspreek
teen die moraal en gees van
verval wat in die parlement ge-
kweek word.

NA ELFUUR

Die kantien in die volksraad
is die enigste in Kaapstad wat
die reg het om tot ná elfuur
die nag oop te wees. Wanneer
die „huis” in sitting is, maak
nie saak watter uur van die nag
nie, moet die kantien oop wees,
sodat diegene wat lus het, hul
offer aan Bacchus kan gaan
bring.

Dit is veral opmerklik wat-

ter minagting meeste persone
wat aan die parlementêre per-
soneel verbonde is vir die par-
lement koester. Daar is on-
omwonde verklaar dat die hele
parlement 'n soort van klub-
atmosfeer het waar gelag, ge-
rook, gesels en gedrink word.

TEENSTELLING

Die huidige toestand in die
parlement waar die moraal al
laer en laer daal as gevolg van
die atmosfeer waarin geleef
word, vorm 'n skrilte kontras
met die volksraad uit die dae
van die Republiek. In die Re-
publieke was die gebruik van
drank deur lede van die raad
onbekend. Daar was ook geen
kantien in die volksraadsgebou
nie.

So kon Arthur Barlow on-
langs in sy lyforgan verklaar:
„Afrikaans was die taal
waarin die besprekings plaas-
gevind het. . . Hulle het hard
en aanhoudend gewerk. Baie
het honderde myle ver met kar
en perde gereis om die sittings
by te woon. Daar was ook geen
leeskamer, rookkamer, biljart-
kamer, of kroeg nie. Daar was
geen teekamer of nagsittings
nie. En die Volksraad van die
Oranje-Vrystaat was moontlik
die waardigste wetgewende lig-
gaam ter wêreld.”

Pakkies Na Duitsland

Meer as 8,000 geskenkpak-
kies uit Suid-Afrika het sedert
November toe die pakkette-
diens in werking getree het, in
Duitsland aangekom. Onder-
soek het getoon dat die versen-
ding van die pakkies met groot
veiligheid geskied. Tot dusver
het alleen een pakkie verlore
geraak, aldus inligting wat
deur die Britse poskantoor ver-
strek is.

Vandat die pakkies uit Suid-
Afrika versend is, neem dit so-
wat ses tot agt weke voordat
dit in Duitsland aankom. On-
geveer een uit elke tien pak-
kies wat uit Suid-Afrika in
Duitsland aankom, is half oop.
Die pakkies word dan weer oor
toegedraai en aan die juiste
adres afgelewer.

Die owerheid versoek dat
die pakkies wat aangestuur
word in linne of sterk sak toe-
gedraai word. Dit verseker
spoedige aflewering en verge-
maklik die werk.

VIR ALLE RASSE: 'n Po-
litieke party vir alle rasse in
die land, naturelle, kleurlinge,
Indiërs en blankes is deur sen.
H. M. Basner op 'n naturelle-
vergadering in Johannesburg
voorgestel. Die naturelle-ele-
ment moet oorheersend wees,
het hy gesê. Hy het ook aan-
gedring op die stigting van 'n
fonds van £60,000 waarmee
propaganda in die buiteland ge-
maak kan word om die wêreld
in te lig „oor die werklike”
toestande in Suid-Afrika.

Waarnemende Leier Vir Gebied C

Die K.G. doen onderstaande verklaring in verband met Gebied C:

„In Gebied C is, hangende die oornam van genl. Vorster, as waarnemende Gebiedsleier aangestel genl. P. Grobbelaar. Genl. Grobbelaar is die generaal van die Vryburg-area gewees en het sy generaalskap tot 'n puikhoogte uitgebou. In 1942 is hy tesame met 12 ander Vryburgers gearrester en het hy drie maande in die tronkselle van Potchefstroom moes deurbring. Toe hy daar uit kom het hy die saak met onverminderde ywer aangepak en dit kan sonder huiwering gesê word dat daar niemand meer vir die stryd van die Ossewabrandwag gedoen het nie as wat Petrus Grobbelaar aan die dag gelê het. 'n Eertydse onderwyser, het hy in 1941 geweier om eervolte ontslag saam met ander amptenare te aanvaar en het verkies om hiewer sy onderwysberoep vaarwel te sê en 'n karige bestaan as boer te maak daar dit hom sou vry-

laat om sy kragte verder aan die O.B. te wy.

Sy benoeming as waarnemende gebiedsleier geskied op aanbeveling van die offisiere van die gebied en ons het alle vertroue dat hy en die manne en vrouens agter hom die gebied met nuwe ywer sal besiel.”

MILJOENE SAKKE AANGEBIED

Hoewel die Unie aanbiedings vir 'n totaal van 43,796,000 sakke ontvang het, staan Suid-Afrika voor 'n krisis met die insameling van die rekord-mielie-oes, aangesien die grootste deel van die aanbiedings nog nie ontvang is nie. Die Unie verwag vanjaar sowat 25 miljoen sakke mielies.

Die regering het 'n kommissie aangestel om die saak te ondersoek. Voorbereidings word getref om die mielies in petroltenks op te gaar en so groot-skaalse vermorsing te voorkom.

Geen Diskriminasie Teen Jode — Wel Teen Republikeine

'n Ontkenning dat daar teen Jode gediskrimineer word deur die hooftleiding van sy party, is vervat in 'n brief van dr. D. F. Malan aan 'n lid van die Joodse Raad van Afgevaardigdes in Kaapstad.

Die brief is 'n antwoord op 'n versoek aan dr. Malan om sy huidige houding teenoor die Jode te formuleer, en is aan die Cape Argus vir publikasie oorhandig. Die brief lui:

„Ek kan alleen my vorige verklaring wat in die openbaar gemaak is, herhaal, naamlik dat my houding teenoor die Joodse vraagstuk nie deur antisemitiese gevoel bepaal word nie; dit wil sê dat ek nie meer teen die Jode is net omdat hy 'n Jood is, as wat ek teen lede van enige ander ras as sodanig is nie.

„Niemand kan egter die feit veronagsaam dat daar in alle lande 'n versadigingspunt is waar bokant enige verdere immigrasie van Jode aanleiding gee tot 'n anti-semitiese reaksie, wat nóg in die belang van die besondere land is, nóg in belang van die Joodse element wat voorheen daar gewoon het.

„Suid-Afrika is in hierdie opsig geen uitsondering nie. En dit is om hierdie rede en met

die oog op die verskeie moeilike rasse-probleme waarmee ons land reeds opgesaai was, dat ek die Kwota-wet in 1930 ingevoer het.”

„WANBEGRIIP”

Die brief verklaar verder dat die beswaar van die kant van baie Jode dat die Nasionale Party Jode as sodanig uitsluit as lede van die party, op 'n gedeeltelike kennis van die feite berus en 'n wanbegrip van die konstitusionele posisie is.

„Die party bestaan uit 'n federale unie met 'n gemeenskaplike program van beginsels en aksie,” skryf dr. Malan voorts, „maar die konstitusie, insluitende reëls in verband met lidmaatskap, val uitsluitlik onder

die gesag van die vier provinsiale organisasies. Hiervolgens is die werklike posisie nou dat die diskriminasie teenoor Jode as sodanig waaroor beswaar aangeteken word, alleen in een provinsiale organisasie aangetref word, naamlik Transvaal.

„Daar bestaan geen sodanige diskriminerende klousule, of in die algemene beginsels, of beleid van die party, of in die reëls in verband met lidmaatskap in die drie ander provinsies nie.”

Dr. Malan kon hieraan bygevoeg het dat daar wel sulke diskriminerende bepalinge bestaan ten opsigte van republikeinse Afrikaners wat binne die Ossewabrandwag georganiseer is — in teenstelling met diegene binne die Joodse Raad van Afgevaardigdes.

Betaal Koelies In Indiese Munt

Blanke verbruikers op die platteland wat besluit het om nie langer by die Indiërs te handel nie, sien in die eersdaagse registrasie van verbruikers by hul handelaars met die oog op rantsoenering van voedsel, 'n gulde geleentheid om die Indiër-handelaars 'n finale nekslag toe te dien. Blank Suid-Afrika toon reeds in hierdie verband 'n verenigde front en verskeie komitees is besig om hulle vir die saak te beywer.

Die blankes is van voorneme om hulle net by blanke handelaars te laat registreer sodat met die voedseltoekenning deur die Direkteur van Voedsel, dit net aan blankes sal geskied.

Op Pietersburg is onlangs 'n massavergadering van 2,000 blanke verbruikers gehou waarin hulle besluit het om nie meer by Indiër-handelaars te koop nie. Hulle het ook aan die waaksaamheidskomitee opdrag gegee om teen blankes op te tree wat by Indiërs handel. Verder is besluit om onderling met die ander komitees wat hulle vir die boikot van die Indiërs beywer, te skakel vir eenparige optrede.

'n Boerevereniging in die omgewing van Pietersburg het ook besluit om sy lede wat by Indiërs handel elke keer met tien sjielings te beboet.

Ook die Verbruikersvereniging van Pretoria het 'n beroep op al sy lede en die publiek gedoen om nie by Indiërs te koop nie. Die verbruikers in die hoofstad het besluit om die bloeiende handel van die Indiërs 'n nekslag toe te dien.

Uit Belfast word berig dat 'n groot vergadering van sowat 500 persone eenparig besluit het om die Indiërs te boikot en die uitdaging wat die Indiërs aan Suid-Afrika gerig het, te aanvaar.

Op die vergadering is aangedring op algehele segregasie van blankes en Indiërs en die repatriasie van Indiërs. Die vergadering het te kenne gegee dat hulle saam sal staan in hierdie belangrike saak.

Uit Wes-Transvaal waar die boikotveldtog begin het, word verneem dat die boikot teen die Indiërs so doeltreffend toegemas word, dat verskeie Indiër-handelaars besluit het om op te pak en elders 'n heenkome te soek.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Geen Oplossing Deur Kwaksalwer

Hfkomdt. J. A. Hurter, skryf. Ons hoor weer baie van die kleurvraagstuk. Dit word vir ons gesê dat die volgende verkiesing geveg sal word oor die kleurvraagstuk en nie oor staatsstelsels nie.

Die partypolitiek ontsien niks en die belang is al wat tel, en hierdie jongste kreet is weer tipies. Die kwaksalwer wil nie sy pasiënt genees nie — die pasiënt moet net siek genoeg bly om die kwaksalwer altyd nodig te hê en darem nie doodgaan nie.

Die kleurvraagstuk kan juis nie opgelos word sonder dat die staatsstelsel verander word nie, en daarom is die vraagstuk nog nooit opgelos nie.

Die blanke persoon wat demokrasie verkondig en verdeedig, ondergraaf die fondament waarop hy staan. As jy 'n klip teen 'n berg afrol maak dit nie saak of jy voorwaardes gestel het vir die klip en gesê het dat hy tog net die kantiene onder die berg moet platloop maar die kerke vermy nie. Die klip gaan waar sy gewig hom heen trek. Netso loop 'n politieke beginsel tot by sy logiese konsekwensie. Dit help nie om demokrasie te verkondig en dan te sê dit word eintlik net vir die blankes bedoel nie. Die blanke demokraat het geen eerlike antwoord aan die gekleurde wat volle politieke regte eis nie.

As ons ons toekoms wil red, moet ons ons stelsel verander. Dr. A. J. Stals, L.V., het hierdie punt tog duidelik gestel in die volksraad tydens die behandeling van die Indiër-kwessie.

Genl. Smuts het dit ook uitgevind in New York. Die demokraat het gebots met sy demokrasie en die holis met sy holisme.

Ons alternatiewe is eenvoudig: leef in 'n gesagstaar of verdwyn in 'n demokrasie. So lank ons 'n demokrasie wil

wees sal die gekleurde rasse al meer politieke regte kry en die einde daarvan is ons einde.

Getuienis

Genl. W. P. van der Merwe, Port Elizabeth, skryf:

Ons hoor in hierdie dae so baie van die onderdrukking van die nie-blanke deur die blankes dat dit al 'n ou afgesaagde storie is. Sommige van die hedendaagse liberaliste en sogenaamde filantropie wil dan egter die huidige toestand verdedig deur daarop te wys dat dit in die ou dae, in die tydperk van die Boere-republieke, nog erger was.

Maar die getuienisse van eerlike naturele en gekleurde getuig van die teenoorgestelde. So het ek onlangs deur bemiddeling van 'n goedgesinde met 'n ou gekleurde vrou in aanraking gekom wat hier in New Brighton woon. Sy is gebore en het groot geword op die platteland. Toe ons met haar gesels oor die ou dae was haar antwoord dat dit lekker ou dae was. As kind in die dae van President Paul Kruger (of soos sy hom noem baas Paul) onthou sy nog hoe goed dit met hulle gegaan het, maar vandag „onder die Engelse” gaan dit bitter swaar met haar en ly sy baie kere honger. Sy praat ook met waardering en liefde van die Boere-nagmale op die platteland en hoe baie hulle met basars gekry het om te eet. Sy het haar vertelling afgesluit met die woorde dat sy bang is om te praat want „die Engelse gooi 'n mens sommer in die tronk”, maar sy sal die Boere „nooit afstaan nie”.

Hier het ons 'n getuienis van 'n gekleurde self en ons weet daar is nog baie ander soos ou Kate Kase'a na wie ons al die opstokers kan verwys indien hulle graag die waarheid wil verneem, maar dit is glo juis net wat hulle nie graag wil verneem nie.

Die Burger En D. J. Scholtz, L.P.R.

„Kannie Verstaan Nie”, Wynberg, skryf:

Die brief van mnr. D. J. Scholtz, L.P.R. van Namakwaland, waarvoor publikasie deur Die Burger geweier is en deur u op versoek gepubliseer is, het ek met groot aandag en belangstelling te lees gekry. Moet ek nou persoonlik tot die gevolgtrekking kom dat Die Burger nie gedagtes in belang van ons minderbevoorregte en behoeftige seksie van die Afrikanerbevolking goedkeur nie? Ek vertrou dat elke Namakwaland die weldeurdatte en matig gestelde kritiek en lamsie, wat mnr. Scholtz vir sy mense gebreek het, te lese sal lry, en daarby kennis sal neem van die teurstellende houding van hulle en my dagblad — Die Burger.

Die blad is dit nie alleen aan die Namakwalanders nie, maar ook aan die Nasionaalvoelende

Afrikanerdom verskuldig om 'n verklarende artikel te skryf, waarin hy sy redes uiteensit, waarom die betrokke artikel se publikasie deur hom geweier is? Hierdie gedragslyn is 'n onverklaarbare en raaiselagtige affêre, wat selfs m.i. onder die aandag van die Nasionale Pers se direksie behoort gestel te word vir behandeling en verklaring. Ek verklaar ruitelik dat hierdie gebeure my verstand te bowe gaan! Is so 'n onderdrukking van lesers se konstruktiewe menings wat so op pote staan soos dié van mnr. Scholtz, dan in die minste maar regverdig of demokraties? Is dit wat 'n mens van 'n volksmondstuk soos Die Burger kan verwag? Selfs die Spoorweg-administrasie in sy hoogste kringe sou mnr. Scholtz se gedagtes as opbouwende kritiek mooi gevind het — 'n been om lank aan te kou.

Ek is nie O.B. nie!

Generaalskap Stellenbosch—Hottentotsholland

VRYHEIDSDAGVIERING te BLAAUWKLIP — 1 MAART 1947

vanaf 4 n.m.

PROGRAM:

- 4-uur: Gesellige Verkeer, Jukskei, ens. Die BOERE-JEUG verskaf Koffie en ander Versnaperings.
- 6-uur: AANDETE, BRAAIVLEIS, ENS., IS VERKRYGBAAR.
- Spreker: Dr. F. DU T. VAN ZYL, Gebiedsleier.
- 9-uur: VRYHEIDSVUUR word aangesteek.

KOM VRYHEIDSVRIENDE, BLAAS HOOG DIE VLAM!

Samespanning Tussen Regering en Mynbase?

Die stakende mynwerkers het in die afgelope week steun ontvang van die diamantmynwerkers in Kimberley wat met meerderheid van stemme besluit het om morele en geldelike steun toe te sê aan die stakers. Ook die bouvakbond van Pretoria het by monde van mnr. J. J. Palm, voorsitter, die Eerste Minister in kennis gestel dat hulle gaan staak indien die staking nie voor vandag opgelos word nie.

Die stakers het dringend hulp nodig in die vorm van geld of produkte. Hul stryd is die stryd van 'n volk teen tirannie. Goedere kan gestuur word aan mnr. J. Steenkamp, p/a Du Plessis en Nel, Voortrekkerstraat 600, Brakpan.

Die besoek van dr. Colin Steyn, Minister van Arbeid, aan die Rand, was in groot geheimsinnigheid gehul, maar daar is gissings dat dit hier gaan om 'n samespanning van regering en mynbase teen die mynwerkers. Die mynbase is naamlik bereid om 'n paar miljoen pond op te offer vir die regering se „demokratiese” beginsel om amptenare met stemreg teen die wil van die meerderheid vakbondlede te handhaaf.

Indien die regering verlang om 'n einde te maak aan die staking dan is daar net een manier om dit te doen, n.l. om die toestand nugter te beskou en te besef dat die mynwerkers vir bykans 100 persent gekant is teen die ampsdraers wat vandag beskerm word.

Nie een van hierdie manne kan op hul eie werksplekke die nodige vertroue by hul mede-werkers inboesem om selfs in die geringste hoedanigheid as werkersvertegenwoordiger te dien nie.

Deur nou in weerwil van die uitgesproke begeerte van mynwerkers mense aan hulle op te dwing wat nie hul vertroue geniet nie, is dwaas en moet uit-

eindelik lei tot ernstiger moles-te op 'n later stadium.

„BETER NOU”

„Dit is beter om nou 'n paar miljoen pond te betaal as baie miljoene later”, skryf die Rand Daily Mail. Dit skep die indruk

dat die mynbase slegs een vrees het, n.l. dat die nuwe bewind van die vakbond hom hoofsaaklik sal toespits op 'n stryd om hoër lone. Dit is natuurlik moontlik dat hierdie vrees gebore is uit 'n skuldige gewete. As in ag geneem word dat die mynwerkers gedurende

Regering se Gewete Dryf Hom Na Wapensmouse

Dat die regering bewus is van die feit dat sy diktatoriale inmenging in die mynwerkersbond die moontlikheid van onluste inhou, blyk daaruit dat alle polisie aan die Rand en Pretoria sedert voorverlede week al op staande voet gehou word. Geen verlof word toegestaan nie, ook nie aan diegene wat geregtig daarop is om met verlof te gaan nie.


Verder het die speurders die hele gebied gefynkam om

vas te stel wie in besit van vuurwapens is. By ammunisiewinkels is lyste nageslaan van alle vuurwapens en patrone wat verkoop is. Daar is selfs 'n opname gemaak van die hoeveelheid ammunisie wat verkoop is.

Terwyl die regering aan die een kant dus in die geheim voorbereidsels tref vir moontlike onluste, weier hy konsekwent aan die ander kant om sy brouwerk op te ruim en die gemoedere weer tot bedaring te bring.

Ten einde 'n minderheids-groep wat tydens die oorlog deur hom met diktatoriale magte beklee is, aan bewind te hou, is die regering blykbaar bereid om geweld te aanvaar aan die kant van mense wat met groot gedissiplineerdheid en kalnte aangedring het op hul regmatige eise — eise om 'n reg waarvoor 'n groot deel van hulle in die buiteland gaan veg het.

Soek Terroriste



Die verhouding tussen die Jode en die Britte in Palestina word steeds meer gespanne. Britse soldate is hier besig om 'n Joodse buurt in Jerusalem te fynkam vir terroriste.

Lojaliteit Verflou In Engeland

Onderwyl die Britse koningsgesin in sonnige Suid-Afrika „vakansie hou”, soos die pers aanvanklik aangekondig het, verkeer Brittanje in een van die grootste krisisse van sy geskiedenis — 'n ontsettende koue en wanhopige tekort aan brandstof.

Die gevolg van hierdie toestand is dat die Britse volk se koningslojaliteit begin plek maak vir 'n venynige afguns, soos blyk uit die kommentaar van 'n vrou in Engeland op die geskenk van diamante aan die prinses: „Wat wil sy met meer diamante maak, wat ons nodig het is steenkool.”

Die poging om Suid-Afrika aan die koning vaster te bind, loop dus uit op 'n ontbinding van koningsbande in Engeland!

Kunsmatige Seeptekort

Die feit dat Suid-Afrika vandag sonder seep sit is nie alleen te wyte aan die tekort aan die nodige vette nie, maar 'n internasionale ooreenkoms verbied dat lande soos Brasilië waar daar baie seep is, dit aan Suid-Afrika verkoop. Hierdie erkenning waarom Suid-Afrika nie seep het nie is deur die Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr, in die volksraad gedoen.

Deselfde internasionale ooreenkoms waardeur kunsmatige tekorte gehandhaaf word, is ook die oorsaak waarom tee so skaars is in die Unie. Kenia sit met genoeg tee om die Unie se voorrade aan te vul, maar word verbied om dit aan Suid-Afrika te lewer. Dit kan maar net gegis word in wie se voordeel hierdie ooreenkoms aangegaan is.

Dit blyk dat ander aangrensende gebiede, waaronder Zwasiland en Mosambiek, 'n oorvloed seep het. Die Unie-regering weier egter om dit binne sy grense toe te laat.

Inmiddels word toegelaat dat besokkende skepe soveel as 10,000 pond seep met een enkele besoek aan boord neem.

Republikeinse Afrikaner En Koningsbesoek

(Vervolg van bl. 1)

Camps”, waar die Engelse vrou Emily Hobhouse so baie lewensmoes kom red. In sy naam en tyd is die bloedgedrenkte republike Transvaal en Oranje-Vrystaat ter aarde bestel en is die talryke teregstellings in Kaapland onderneem.

JOPIE FOURIE

Georg V het sy vader opgevolg en in sy naam is Kaptein Jopie Fourie gefusilleer in Pretoria - Sentrale Gevangenis (waar agt-en-twintig republikeine vandag weer opgesluit lê).

Eduard VIII het vir die republikeinse Afrikanerdom geen onplesierige herinnerings nie, maar ons wil nie beweer dat dit juis om hierdie rede is dat hy nie op die Engelse troon gebly het nie en vandag in 'n soort ballingskap leef.

Georg VI is die geëerde gas wat nou kom en aan wie die Volksraad (sonder 'n enkele teenstem) „a humble address of welcome” gestem het. Hy is die huidige hoof van die koningshuis en in sy naam is daar in die afgelope jare om en by die duisend republikeine . . . corwegend O.B. en S.J.'s . . . in die konsentrasiekamp gesmyt. In sy naam lê daar nou agt-en-twintig Afrikaners in Pretoria-Sentrale Gevangenis.

TOEKOMSTIGE

Die Volgende? Sonder pro-

fetiese gawe kan ons nie sê wie Georg VI se opvolger gaan wees nie; nog minder wat sy (of haar) verhouding teenoor die republikeinse stroom in hierdie land gaan wees nie. Maar ons onthou dat die vermoedelike opvolger (die prinses Elisabeth) onlangs haar kennis van die Ryk se gees getoon het toe sy gesê het dat (in teenstelling met ander „agressor-nasies” se ryke) „our Empire grew like a garden”.

Die elemente in die tuin wat ondergeploeg was in die proses, sal haar gesegde wel verstaan.

Ons beweer geensins dat bostaande die enigste gesig van die Britse troon is nie. Maar ons sê met nadruk dat dit die gesig is wat teenoor die republikeinse Afrikanerdom gewend is, vanaf Georg III tot Georg VI. En ons sê verder dat die republikeinse tradisie die enigste een is wat aan die Afrikanervolk eie is of kan wees.

Derhalwe verklaar ons, sonder op enige wyse die persone van die koninklike gaste te na te wil kom, dat die Ossewabrandwag die „humble address of welcome” wat die parlementslede eenpariglik aangebied het, aansien vir die verloëning van 'n eeu-oue stryd en die Ossewabrandwag, man en vrou en kind, wil hul van daardie gebaar disassosieer.

die oorlogsjare geen direkte loonsverhoging ontvang het nie, en die reaksie van die werkers t.o.v. die £500,000 skenking aan die vakbond, dan is dit begryplik dat die kwessie van lone en werkstoestande in belang van die werker, die werkgever en die land in hersiening geneem sal moet word. Terseldertyd kan verwag word dat die werker nie eise sal stel wat die goudindustrie sal ruïneer nie . . . net sy billike loon. Dit is die eis van elke werker.

MEULSTENE

Te oordeel aan die Engelse pers bestaan daar blykbaar die vrees dat die nuwe bewind van die vakunie op een of ander manier teen die regerende politieke party gebruik sal word. Dit is te vertroue dat die mynwerkers nou sal besef dat hulle tussen die meulstene van die politieke partye beland het, en dat hierdie feit tot baie groot mate die rede is waarom die staking nie opgelos kan word nie. Dit sal ook vir hulle baie duidelik wees dat 'n politieke party net glo aan demokrasie wanneer dit gerieflik is.

Intussen word duisende vroue en kindertjies na 'n toestand van hongersnood gedryf deur 'n regering wat weier om met die werklikheid rekening te hou. Mettertyd sal ook ander mynwerkers en werkers in aanverwante bedrywe deur die staking getref word, benewens die handel en die aandeelhouders in ander lande. Die stemreg van 15 man is vir die regerende politieke party voorwaar baie werd.

Natuur - Elemente O.B.-Gesind

Die wind en die vuur is anti-koningsgesind. Saam met die Ossewabrandwag voer hierdie hoofelemente van die natuur 'n hewige stryd teen die koningspropaganda wat oor ons land losgelaat is ter versterking van die Britse ryksbande. 'n Groot koningskop wat deur een van die besighede in Adlerleystraat aangebring is, is verlede week deur die Suid-Ooster afgeskeur en heelwat skade is aangerig onder die koninklike tierlantyntjies.

Teen Vlaeberg is die hele week lank geoefen deur skoolkinders om 'n reusewelkom te spel aan die koningsgesin. Landmeters het die terrein op 'n guim afgemeet en met lyne gespan sodat die „handskrif” niks te wense sou oorlaat nie. Donderdagmiddag het 'n brand op hierdie plek uitgebreek en die „WELKOM” so uitgebrand dat net die „WE” oorgebly het as 'n grynsende „Wê”.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bepert, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepert, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.